

KNOWLEDGE | DECISION-MAKING

RESULTS

SUMMER 2024/25 OVERVIEW



IntelGro

intelligent crop solutions

HOW COMPLIANCE IS CULTIVATING THE FUTURE OF SOUTH AFRICAN AGRICULTURE

- Wat jy moet weet van bakteriese siektes in koring en moderne plaagbeheer
- Oorsigte deur ons Area Bestuurders
- **NEW SEED VARIETIES**

Let's talk about PEPPERS

Grondvrugbaarheid

DIE BASIS VIR JOU SUKSES





IntelGro

intelligent crop solutions

- The challenge today is to create greater food security in an environmentally sustainable way, for an increasingly populous world, by creating a worldwide step-change in farming productivity.
- High yielding, quality and safe food are currently the key focus areas in the production process, and the sustainability of this drive can only be guaranteed by transforming the way crops are grown through innovative technology and expertise.
- The comprehensive value offering of IntelGro is linked to our specialised, focused and complimentary business offering, enabling us to provide growers with a complete crop solution for a large variety of crops, complementing the whole food supply chain.
- Through the provision of intelligent crop solutions, we are ideally positioned to be a trusted business partner to our growers.



Sustainable
Crop Protection



Biological
Solutions



Specialised
Plant Nutrition




Certified
Technical Support



High-Quality
Seed Portfolio

- We are committed to consistently offering specialist products and services encompassing a holistic set of solutions for crop production. We have developed a unique and differentiated portfolio of crop solutions aligned with integrated crop management principles.
- IntelGro is closely aligned with various multinational as well as local suppliers, and through our comprehensive distribution channels, we offer widespread market coverage to our suppliers. This alignment ensures that IntelGro offers a comprehensive solution to all growers, regardless of their needs.





Inhoudsopgawe

• Boodskap van AJ Griesel	• 4
• A Streamlined Organisational Structure	• 5
• WUSA: Strengthening Cross-Functional Collaboration	• 6
• Area Bestuurders: Streeksoorsigte	• 8
• Verbintenis tot Kundigheid	• 20
• The IntelliGro Experience	• 21
• Potato Monitoring Project Expands	• 22
• Compliance in South African Agriculture	• 24
• Nakoming: 'n kritiese fokus	• 26
• Die PCO Dryf en Professionele Bestuur	• 27
• Plaagbeheer in die Moderne Era	• 29
• Nuwe CCA-kursus: Grondvrugbaarheid	• 30
• Kundige Plantvoeding en Grondbestuur	• 32
• The IntelliGro value offering	• 34
• Bakteriese Siektes in Koring	• 35
• Biologiese Uitnemendheid met IntelliGro	• 36
• Plantsiektes in Graan	• 38
• InField Solutions: Data wat Boer	• 40
• Tech Talk: Intelekt uitbreiding	• 41
• IntelliGro by NAMPO	• 42
• NAMPO Aanplantings	• 43
• New Seed varieties	• 46
• IntelliGro and WUSA office in Stellenbosch	• 47
• What makes a good Sweet Pepper?	• 48
• Edenville Rally 2025	• 52
• Industrie Betrokkenheid	• 54
• IntelliGro People	• 56
• Startwell: IntelliGro Cares	• 58



Boodskap van AJ Griesel

Soos ons al byna halfpad deur 2025 is, wil ons 'n oomblik neem om terug te kyk op die prestasies van die vorige seisoen – en opregte dank en waardering oordra aan elkeen van julle vir die toewyding en deursettingsvermoë in 'n jaar wat deur uitdagende landbou- en ekonomiese toestande gekenmerk is. Ons sukses as maatskappy is nou verbonde aan die werk wat julle daar buite (op die plaas) doen, en ons het groot waardering daarvoor.

Groei is een van ons kernwaardes, en ons wil hierdie waarde prakties ervaar. Daarom glo ons: wanneer ons as maatskappy fokus op die groei van ons Gewas Adviseurs, personeel en – natuurlik – produsente, is ons saam suksesvol.

Suid-Afrika se rol in die globale bedryf kan byna in twee dele verdeel word: dié deel wat verseker dat ons genoeg bekostigbare voedsel plaaslik produseer, en dié wat fokus op die uitvoer van wêreldklas vrugte. Al is dit uiteenlopende fokusareas, is die vertrekpunt dieselfde – om op plaasvlak 'n verskil te maak, en só ons rol in die internasionale mark te versterk. Laat somerreëns in die mieliegebiede, en vroeë winterreëns in die Wes-Kaap, herinner ons almal daaraan dat 'n belangrike bestanddeel van ons resep uit genade voortvloei.

IntelGro se Gewas Adviseurs – wat ons produsente ononderbroke bystaan – vorm saam met hul harde werk en bydraes die kern van ons sukses. Hulle bly 'n sleutelonderdeel van ons waarde-aanbod. Dit, tesame met ons hoogs gekwalifiseerde tegniese span wat area- en kommoditeit-gefokus werk, verseker dat ons op plaasvlak 'n werklike verskil maak. Met die oog op die toekoms bly ons verbind tot volhoubare groei. Ons moet aanhou innoveer, kostes bestuur en waarde toevoeg tot ons kliënte – deur spesialiskennis en diens van hoë gehalte.

Die behoeftes van Gewas Adviseurs en kliënte bly die kern van ons strategie – 'n onmisbare sleutel tot sukses in 'n ontwrigtende, dinamiese en uitdagende mark.

Om volhoubare groei in 'n onvoorspelbare landbou- en ekonomiese omgewing te dryf, beoog IntelGro om werklik te fokus op ons **GRIT-waardes** (Growth, Relationships, Innovation, Take Ownership). Alle projekte en inisiatiewe word rondom dié kernwaardes gesentreer:

Groei: Ons fokus op inisiatiewe wat volhoubare groei vir IntelGro, produsente en Gewas Adviseurs bewerkstellig.

Verhoudings: Ons bly verbind daartoe om Gewas Adviseurs, hul spanne en personeel te bemagtig en te ondersteun, in lyn met ons kliënt-gesentreerde missie.

Innovasie: Ons prioritiseer tegnologie, oplossings en produkontwikkeling om ons waarde-aanbod te versterk en resultate te verseker. Innovasie sluit sowel groot as kleiner projekte in wat ons operasioneel verbeter en ons uitdaag om anders te dink.

Eienaarskap: Ons dryf sterker kostebestuur en verbeter doeltreffendheid om die impak van stygende inset- en bedryfskoste te versag. Elke personeellid en vennoot word aangemoedig om eienaarskap te neem van elke geleentheid – en só 'n betekenisvolle verskil te maak.

Ten spyte van uitdagende tye, steun IntelGro steeds op ons sterkste eienskap: verhoudings. Dit bly die bewys dat, wanneer ons saam uitdagings aanpak, ons enige struikelblok kan oorkom. Die toekoms behoort aan dié wat bereid is om ekstreme spesialiste vir landbou en produsente te wees – en dit daadwerklik ervaar.

Baie dankie aan al ons personeel, Gewas Adviseurs, depot-spanne en verskaffers vir julle uitsonderlike bydraes tot ons gesamentlike sukses!




A Streamlined Organisation for Sustainable Growth

As we continue on our path to becoming more meaningful for both Crop Advisor and grower, IntelliGro is embracing a transformative shift in its organisational structure to build a future-ready organisation. With a focus on growth, relationships, innovation, and “taking ownership”, we are positioning ourselves to get better every day at what we do.

InteliGro is adopting a model where teams are empowered to drive growth, foster better relationships, enable process innovation, and take responsibility for operational execution within the business units. It also allows us to “fight local” while leveraging our national capabilities and streamlining core operational units. This shift enables focus and agility, while staying committed to making a difference on the farm.

The structure aims to consolidate specific business functions to drive clarity, strategic alignment and operational efficiency:

- **Improved Decision-Making**
Clear roles and centralised functions mean faster, more informed decisions.
- **Efficiency & Cost Savings**
Reducing duplication of effort across departments.
- **Accountability & Performance**
With defined scopes, it's easier to measure success and hold teams accountable.
- **Scalability**
The structure supports growth by building a framework that can scale with the business.



“We are excited to embrace this transition, by creating a more robust, aligned, and agile organisation, we are positioning ourselves for growth. We are confident that this structure will drive IntelliGro’s continued growth and ensure we remain a leader in our industry.”

AJ Griesel

Strengthening Cross-Functional Collaboration

Johan Nienaber transitions to Strategic Role within the WinField United South Africa Group

Johan Nienaber will be transitioning into the role of WinField United South Africa Group Executive: Strategic Growth & Integration.



LOOKING FORWARD

Reporting directly to the CEO, Johan will play a central role in delivering on WUSA's strategic priorities. He will work closely with the CEO and executive team to translate high-potential ideas into actionable, value-generating initiatives, while guiding cross-functional collaboration and ensuring alignment with organisational objectives. Johan will also play a supportive role in the integration of new developments across the Group and fostering effective stakeholder engagement at all levels.

JOHAN NIENABER'S LEADERSHIP IMPACT AT INTELIGRO

Over the past decade, Johan has been instrumental in driving InteliGro's success in the northern region, strengthening market presence and cultivating meaningful industry relationships. Known for his innovation, collaborative approach, and strategic acumen, Johan has led impactful transformations, with a strong focus on unlocking human capital as a differentiating force.

"Johan's exceptional leadership at InteliGro has left a lasting legacy. We are confident that his expertise will continue to propel the Group forward. His visionary outlook and deep industry insight will be invaluable as we explore new growth frontiers. His new role is designed to strengthen the Group's agility and execution capabilities as we navigate the path to sustainable growth.

We look forward to the exciting journey ahead with Johan in this new capacity."

Jan Vermaak

Chief Executive Officer

WinField United South Africa

WINFIELD[®]
UNITED
South Africa



our core values

GRIT



Growth



Relationships



Innovate



Take Ownership



IntelGro
intelligent crop solutions



Met IntelGro se deurlopende strewende om kliëntbehoefte nog beter te verstaan en aan te spreek — en om ons Gewas Adviseurs nog doeltreffender te ondersteun — is die organisasiestruktuur aangepas om Area Bestuurders in verskeie geografiese streke aan te stel.

Die IntelGro Area Bestuurder-span bestaan tans uit sewe lede, en ons is reeds besig om die model verder uit te brei om ons voetspoor te versterk. Ons is opgewonde oor hierdie nuwe benadering tot die mark en sien uit na die positiewe impak wat dit sal hê om IntelGro se waarde-aanbod nog meer effektief uit te dra.

AREA BESTUURDERS

4 Fokusareas

1. Kommersieël

Die Area Bestuurder fokus op die gesondheid van IntelGro as maatskappy, sowel as op die Gewas Adviseurs in die area en hul besighede. Dit sluit in die bepaling van kliëntbehoefte, ondersteuning met voorraadbestuur en die handhawing van depotstandaarde.

2. Operasioneel

Ondersteun en versterk operasionele effektiwiteit, logistiek en aankope.

3. Strategiese bemaking

Implementeer sleutelprojekte in die areas, onder meer Intellect Solutions, weerstasies, Intellect tegnologie, en die CCA-profiel.

4. Samewerking met die nasionale tegniese span

Tegniese betrokkenheid en samewerking op grond van spesifieke behoeftes in die verskillende streke.

IntelGro het 'n duidelike doelwit om nasionaal sterk verteenwoordig te wees, en werk hand-aan-hand met kernverskaffers om ons holistiese benadering op plaasvlak te vestig – vir volhoubare resultate.

In vandag se vinnig veranderende wêreld moet besighede veerkragtig wees: gereed om aan te pas en veranderinge doelgerig te bestuur.

Deur te fokus op Area Bestuurders en ondersteunende spanne, verseker IntelGro dat produsente en Gewas Adviseurs kan voortbou op vertroude vennootskappe – vennootskappe wat vandag reeds 'n verskil maak, en ook waarde toevoeg vir die volgende generasies.



Area Bestuurder
Penna Odendaal

SWARTLAND/SANDVELD

- Die vernaamste gewasse wat hier verbou word sluit in kleingraan, sitrus, aartappels, wyndruiwe, tafeldruiwe, amandels, tamaties en ander groente.
 - Die baie bekwame InteliGro Gewas Adviseur span tesame met ons baie ervare tegniese span het ook deurlopend langs ons produsente gestap om te verseker dat die regte oplossings gebied word en dat die areas waaroor ons beheer het effektief aangespreek word met die regte aanbevelings, regte produk en op die regte tyd.
 - Ons het egter ook die effek van klimaatsverandering beleef deurdat ons oorstromings en verspoelings en gewasverliese veral in die Olifantsrivier-gebied ervaar het. Die infrastruktuur het deurgeloop en op sommige laagliggende gebiede het jong sitrusboompies heeltemal weggespoel.
- Alhoewel die resultate in terme van opbrengste en en kwaliteit gewas produksie oor die algemeen goed was, is dit tog duidelik dat daar finansiële druk ervaar word in sekere gewas segmente. In hierdie omstandighede bly dit krities belangrik om steeds 'n oplossing te bied binne die toegelate begroting, maar ook terselfde tyd steeds 'n langtermyn fokus behou op aspekte soos weerstand bestuur, onkruid saadbank bestuur, IPM en MRL bestuur.
 - Die Swartland/Sandveld areas het 'n baie sterk Gewas Adviseur-span en die positiewe dinamika staan uit en baan die weg vir goeie geleenthede vorentoe.
 - Ons area se eerste Area-vergadering is gehou te Langebaan en het suksesvol afgeloop terwyl ons ook lekker spongees gebou het. Dankie ook vir almal se positiewe bydraes, doen so voort.

Aan almal by InteliGro, die personeel in die stoor, die vragmotorbestuurders, die kantoorpersoneel en bestuur, wil ons **BAIE DANKIE** sê vir hulle harde werk en onbaatsugtige diens om die wiele aan die rol te hou, ons **WAARDEER** dit opreg. Dankie ook aan ons onderskeie depot personeel wat hard werk en help om voorraad vure dood te slaan, ons waardeer julle. Dankie ook aan ons Hemelse Vader wat ons ryklik seën en baie genade oor ons uitstort en Sy beskermende hand oor ons hou. Ons sien nou uit na die Winterseisoen!



Die InteliGro Swartland- en Sandveld-spanne het bymekaar gekom in Langebaan aan die Weskus om relevante sake in hulle areas te bespreek, en oplossings vir vandag en môre te vind.



Area Bestuurders: Area Oorsigte



Area Bestuurder
Wéan Benadie

VERRE NOORD

Die 2025 sitrusseisoen lyk sterk. Alhoewel daar talle uitdagings was net soos in elke produksieseisoen, lyk die bedryf nie sleg op die oomblik nie. Die nuutste inligting dui daarop dat uitvoerskattinge stabiel is en in lyn is met die vyfjaargemiddelde, wat beteken dat daar geen risiko van ooraanbod of onderaanbod is nie.

Suurlemoenproduksie in Hoedspruit sal na verwagting toeneem, terwyl ander streke soos Marble Hall en Groblersdal geringe dalings sien. Lemoen uitvoere sal glo styg, met Valencia-lemoene wat 'n 6%-toename sien in vergelyking met verlede jaar.

- Oor die algemeen is die vooruitsigte positief, met uitstekende vrugtekwaliiteit en gebalanseerde aanbodprojeksies. In gedeeltes van die Limpoporivier-gebied, was Swartvlek wel 'n uitdaging gewees, hierdie was een van die gevolge van die baie laat en nat seisoen. Produsente kon nie betyds kritiese swambespuitings toepas nie en die gewasbeskermingsprodukte wat wel kon help, was net te min.
- Die makadamia produksie-area lyk baie goed. Die bedryf sien bestendige groei, met die nasionale oes wat na verwagting met 7% sal toeneem vergeleke met 2024, wat ongeveer 93 000 ton inskil bereik. Pryse styg met tot 37% na gelang van neutgehalte en verwerkingstyl. Weeruitdagings het produksie effens beïnvloed, maar oor die algemeen bly die vooruitsigte positief.
- Die Springbokvlakte produksie-area is eintlik hierdie jaar die 'Sonneblomvlakte'. Die area is bekend vir sy swaar turfgronde wat grootliks geplant word met meerderheid graansorghum en dan ander gewasse soos sonneblomme, koring, droëbone. As gevolg van swaar reën in die tyd van graansorghum planttyd, was produsente in 'n rigting gedruk om baie van die graansorghum hektare oor te swaai na sonneblom aanplantings toe. Alhoewel daar ook sonneblom aanplantings is wat laat geplant was, is die oes baie mooi en sommige produsente het reeds hier en daar begin stroop met opbrengste van tot en met 2 ton/ha.
- Die Brits-Koedoeskop produksiegebied het gebuk gegaan onder geweldige oorstromings en sommige produsente se landerye was totaal verwoes. Produsente is in 'n moeilike finansiële posisie aangesien daar reeds baie insette ter sprake was en sekere gewasse al baie vër in groeifase was toe die oorstromings plaas gevind het. Dit het tot gevolg gehad dat baie koring en wintergrane geplant is toe die lande toeganklik geraak het.
- Aartappelproduksie in die Limpopo-area is op dreef met eerste aanplantings wat reeds in die grond is. Baie vroeë aanplantings was geaffekteer deur die baie reën, maar dit is slegs enkele produsente. Vooruitsigte in die area vir 'n goeie aartappel produksieseisoen lyk mooi positief.



Bo: Droëbone in die Springbokvlakte
Links: Riaan Kotze in 'n tamatietonnel.



Area Bestuurder
Etienne van Greunen

LANGKLOOF

Die 2024–2025 seisoen was oor die algemeen 'n baie suksesvolle seisoen in die Langkloof, ten spyte van verskeie uitdagings.

APPELS

Die appel-oes was ongeveer 30% laer as normaal, hoofsaaklik as gevolg van klimaatsomstandighede. Tog is hierdie verliese gelyk gemaak deur uitstekende pryse en uitstaande kwaliteit van die vrugte.

PERE

Die peer-oes het uitstekend gevaar en was ongeveer 30% hoër as die vorige seisoen, wat vir produsente 'n goeie finansiële hupstoot beteken het.

VRUGKLEUR

- Kultivars met rooi kleur het baie goed gevaar, met veral goeie kleurontwikkeling gedurende hierdie seisoen.



Pink Lady



Top Red

SIKTEBEHEER

Fusarium

- Tydens blomtyd is daar 'n baie koue en nat periode ervaar, gevolg deur 'n nat seisoen – dit het gelei tot hoë druk van *Fusarium*.
- Die 2023–2024 seisoen het reeds hoë oorwinteringsdruk van *Fusarium* gelaat. Danksy beter beplanning van voorkomende spuitprogramme voor infeksieperiodes, het daar groot sukses met beheer plaasgevind.
- Geen *Fusarium*-skade is aangemeld by enige van die InteliGro-kliënte hierdie seisoen nie, en laer getalle van oorwinterende spore word verwag vir die volgende seisoen.

INSEKBEHEER

- Insekdruk was oor die algemeen laag, en die toegepaste programme het goeie beheer gebied. Daar is geen ekonomiese skade aangerig nie.
- In warmer areas is hoë vlakke van vrugtevlieg waargeneem, ten spyte van gereelde lokaas-toedienings. Dié uitbrake is egter vinnig onder beheer gebring met chemiese beheermaatreëls.

STEENVRUGTE (KAMMANASSIE)

- Steenvrugprodusente in die Kammanassie-gebied het baie goeie oeste gelewer, met uitstaande vrugkwaliteit en hoë pryse wat behaal is.



Area Bestuurders: Area Oorsigte

LANGKLOOF

- In die Langkloof het produsente hierdie seisoen groot uitdagings met die klimaat ervaar. Gedurende blom was dit besonder koud en die seisoen as geheel was nat. Dit het kommer gebring, veral omdat produsente verlede jaar ernstig gesukkel het met Fusi. Weens die hoë teenwoordigheid van oorwinterende Fusi-spore vanaf verlede seisoen, het produsente vanjaar met 'n groot sporedruk begin. Gelukkig is spuitprogramme streng gevolg en tot op hede is daar min tot geen probleme met die swam aangemeld nie. Dit hou goeie vooruitsigte vir die volgende seisoen in, aangesien 'n afname in oorwinterende spore verwag word en die druk op spuitprogramme moontlik kan verminder.
- Hoewel daar tye van hoë temperature was, is min sonbrand op vrugte opgemerk. Sommige appelkultivars het aanvanklik swak gekleur, maar die kleur het verbeter namate die weer koeler geraak het. Die druk van insekte op kernvrugte was laag, maar produsente van steenvrugte het erge vrugtevliegdruk ervaar. Hierdie probleem is egter goed bestuur deur geteikende spuit- en lokaasprogramme.
- Peerbome het baie goed geblom, wat gelei het tot 'n merkbare toename in opbrengs, veral by Packham's Triumph. Hoewel die appelbome ook goed geblom het, het die koue tydens blom 'n uitwerking gehad op die latere speen van vrugte. Daar was groot generasieverskille tussen vrugte aan dieselfde bome, wat uitdunning nodig gemaak het om nie-bemerkbare vrugte te verwyder. Oor die algemeen was appelopbrengste in die Langkloof ondergemiddeld, met sommige areas wat heelwat laer as normaal gelewer het. Ten spyte hiervan was pryse op die binnelandse mark baie sterk en dit het gehelp om die laer volumes gedeeltelik te kompenseer.

SONDAGSRIVIER EN GAMTOOS VALLEI

SITRUSOES

- Die 2024–2025 oesseisoen lyk baie positief, ten spyte van verskeie uitdagings. Vrugkwaliteit oor die algemeen lyk goed en die oeste lyk bogemiddeld.

MARKVOORUITSIGTE

- Markte is op die oomblik redelik leeg met 'n groot vraag na sitrus as gevolg van 'n wêreldwye tekort.
- Vir suurlemoene, wat die laaste paar seisoene nie goed gedoen het nie, is daar nou 'n groot vraag met hoër pryse.
- Sap pryse is besig om afwaarts te neig.

HAWENS EN UITVOER FASILITEITE

- Daar is definitief 'n verbetering in die effektiwiteit van Koega- en Port Elizabeth-hawens.

SIEKTE- EN INSEKBEHEER

- Vrugte se eksterne kwaliteit is beter as die vorige jaar met minder wiluis en dopluis uitskot.
- Sitruswartvlek is weereens 'n probleem, veral op suurlemoene (Sondagsriviervallei).
- As gevolg van die uitbreiding van die CMR-produktelys raak dit 'n uitdaging om plaë en siektes te beheer.





Area Bestuurder
Thinus Smuts

SUIDELIKE NAMIBIË EN NOORD-KAAP

SUIDELIKE NAMIBIË

Groentes:

- Die groenteseisoen langs die Oranjerivier was oor die algemeen bevredigend. Tamaties het goed gevaar met sterk produksie en 'n goeie gemiddelde prys regdeur die seisoen. Soetrissies het uitstekende pryse gehandhaaf, en produksie was oor die algemeen bevredigend. Batterskorsies het egter 'n moeilike seisoen beleef weens 'n groot ooraanbod en swak uitvoerprestasie, wat daartoe gelei het dat pryse so laag soos R3–R4 per kilogram geval het.

Tafeldruiwes

- Die tafeldruifbedryf het vanjaar verskeie uitdagings in die gesig gestaar. Ná 'n uitermatig warm winter het die koue eers laat in Julie ingetree, wat gelei het tot baie wisselvallige bot in die vallei en moeilike blokkbestuur. Vroeë hittegolwe in November het 'n negatiewe invloed gehad op kleurontwikkeling, veral by kultivars soos ARRA 29. Hoewel daar meer hektare aangeplant is en aanvanklik 9.3 miljoen bokse (4.5 kg ekwivalent) geskat is, is slegs 8.5 miljoen bokse uiteindelik afgehaal. Die kultivar-samestelling het 'n groot rol gespeel in of plase hul teikens bereik het – plase met baie Early Sweet, Flame, ARRA 29 en Starlite het meestal onder hul begrotings gebly.
- Daar is egter uitbreiding en kultivarvervanging aan die gang, met 'n duidelike dryfkrag om weg te beweeg van hoë-risiko kultivars. Die kwaliteit en uitvoerpryse wat wel realiseer het, was oor die algemeen bevredigend tot baie goed, en meeste produsente kon bemark voor pryse skerp gedaal het.

Dadels:

- Die situasie in die dadelbedryf is gemeng, maar daar is wel groot uitbreidings aan die gang op nuwe plase wat aangekoop is.
- Op plase waar bestuur op standaard is, word goeie produksies behaal en pryse is sterk. Daar word verwag dat die totale dadelaanplantings in Namibië in die volgende vyf jaar tot tussen 1300 en 1500 hektaar sal groei – 'n growwe maar realistiese skatting.





Area Bestuurders: Area Oorsigte

NOORD-KAAP

Rosyntjies:

- Die rosyntjieseisoen het belowend begin met goeie weerstoestande en 'n sterk oes wat goed ontwikkel het. Dinge het egter begin moeilik raak toe swaar reën intree, wat die droogproses ernstig ontwrig het en veroorsaak het dat rosyne nie soos verwag wou droog word nie. Hierdie nat toestande het 'n negatiewe invloed gehad op die finale kwaliteit van die rosyne.
- Alhoewel die volumes steeds goed was en daar oor die algemeen 'n groot oes afgehaal is, het die gehalte teen die einde van die seisoen merkbaar afgeneem. Die druk van siektes het ook teen die einde van die seisoen toegeneem en was besonder hoog, wat verdere uitdagings vir produsente ingehou het.

Tafeldruiwe

- Die afgelope seisoen in die Oranjerivierstreek het gunstig verloop met 'n finale oes van 25 miljoen kartonne, wat 102.6% van die oorspronklike skatting verteenwoordig. Die seisoen het sonder noemenswaardige reën begin, wat bygedra het tot 'n goeie korrelgrootte en kwaliteit van die vrugte.
- Sekere kultivars, soos Flame Seedless en Tawny Seedless, het egter uitdagings ondervind met kleurontwikkeling.
- Die algemene gehalte en uitvoerpryse was bevredigend tot baie goed, en meeste produsente kon hul druiwe betyds bemark voordat pryse gedaal het.





Area Bestuurder
Tielman Marais

SUID-KAAP EN OVERBERG

Kleingraan Seisoen: Positiewe Vooruitsigte vir die Suid-Kaap en Overberg

Aanvanklik was daar kommer dat hierdie winter uitdagend en droog sou wees, maar tot ons vreugde het dele van die Suid-Kaap en Overberg goeie reën ontvang.

In sommige gebiede was dit selfs té nat vir gemaklike planttoestande, maar oor die algemeen is daar 'n positiewe gevoel oor die seisoen se aanloop.

- Die voldoende reën het boere in staat gestel om suksesvolle voersaaispuittings toe te dien, wat vroegtydig die onkruidruk verminder het. Gewasopkoms is goed en die lande toon 'n sterk en gesonde begin.
- Slakke bly 'n voordurende uitdaging, veral in die kritieke vroeë ontwikkelingsfases van Canola. Die toename in slakpopulasies kan toegeskryf word aan verskeie redes en verg nuwe oplossings en strategieë vir die toekoms. Ons sal saam aktief daaraan moet werk om alternatiewe en doeltreffende benaderings te ontwikkel om produsente volhoubaar te ondersteun.
- Ons streef daarna om saam oplossings te bied wat volhoubaarheid en winsgewendheid verseker
- Ons span help graag deur optimale gewasbeskermingsprogramme, sowel as breër landboukundige ondersteuning te bied, om opbrengste te optimaliseer en hulpbronne doeltreffend te benut.
- Dit is nog te vroeg vir finale voorspellings; op die oomblik is die seisoen se begin belowend.
- Ons is dankbaar vir die goeie toestande tot dusver, en sien daarna uit om saam met ons produsente 'n suksesvolle seisoen aan te pak. Ons wens elke produsent 'n voorspoedige en winsgewende seisoen toe.





Area Bestuurders: Area Oorsigte

SENTRAAL-KAAP

- Die vrugteseisoen het oor die algemeen sonder groot uitdagings verloop, hoewel elke produksiegebied met sy eie unieke omstandighede en probleme te make gehad het, was dit oor die algemeen positief.
- In die Ceres-omgewing was een van die grootste uitdagings hierdie seisoen die teenwoordigheid van witluis en dopluis. Hierdie plaag het selfs in kouer areas voorgekom waar hulle voorheen nie 'n probleem was nie. Die somer was baie warm, wat gelei het tot sonbrand en hittebeskadiging op sensitiewe appelkultivars. Aan die ander kant het die droë toestande daartoe bygedra dat bruinvrot en botrytis nie 'n groot probleem was nie, wat tot 'n goeie jaar vir steenvrugte gelei het.
- Gedurende blomtyd is sommige boorde deur koue en oostewinde getref, wat swak vrugset in kultivars soos Golden Delicious en Pink Lady veroorsaak het. Boorde in laerliggende gebiede is egter minder geraak en het steeds goeie vrugset getoon. Die natuurlike speen was baie sterk hierdie seisoen, wat beteken het dat produsente minder uitdunmiddels gebruik het. Die vrugset was uiteindelik beter as wat verwag is, en daarom is daar meer staatgemaak op handuitdunning as in vorige jare.
- Witluis en dopluis was groot probleme. Een van die redes hiervoor mag dalk die vroeër posisionering van sommige oesbeskermingstoedienings, weens die verlaging in toelaatbare residuvlakke vir uitvoer. Dit kon bydra daartoe dat kruiperbewegings nie in die kritieke tydperke effektief gedek is nie, en beheer later in die seisoen nie voldoende was nie.
- Rooispinnepop was veral 'n probleem in peerboorde wat onder droogtestres verkeer het. Hierdie probleem is spesifiek opgemerk in Forelle-pere wat gedurende die warm somermaande aan oostewinde blootgestel was.
- Ten spyte van al hierdie uitdagings het appels 'n bo-gemiddelde oes opgelewer met goeie gehalte. Peer kultivars in koeler areas het ook beter gevaar as verlede jaar. Steenvrugte het besonder goed gevaar, grootliks danksy die droë weer en lae siekte druk, in kontras met die nat lente van die vorige seisoen.
- Die seisoen is op sy einde en ons is gelukkig met hoe ons produsente se plase presteer het.

Ons wens al ons produsente 'n verdiende rustyd toe na die afgelope seisoen en sterkte vir die volgende een!

IntelGro Groete





Area Bestuurder
Louis Pieterse SR

OOSTELIKE HOËVELD

Hierdie oorsig is opgestel in samewerking met ons Gewas Adviseurs. Daar was 'n groot mate van ooreenstemming van klimaat, weer en reënval in hierdie oostelike gebied.

AGTERGROND

Ons neem die seisoenale weervoorspellings in ag en die volgende voorspelling is in Oktober deur die Suid-Afrikaanse weardiens uitgereik

- Voorspellings het gedui op bo normale reënval vir die meeste noord- en noordoostelike somerreënvalstreke gedurende die hele somerperiode en dit dui op 'n La Nina staat. Dus baie reën en daar word ook verwag dat minimum en maksimum temperature vir die voorspellingsperiode sal voorkom. Daar is toe ook voorspel dat sommige binnelandse streke ondernormale reënval gedurende die middel en laatsomer sal ontvang. Daar is ook alreeds gewaarsku dat boere die seisoen met waaksaamheid moet benader omdat reënvalverspreiding kan wissel en grondvogvlakke met aanplantings reg benader moet word.

KLIMAAT OOR SEISOEN



Foto 1: Weiveld in Januarie op verskeie plekke in die area doodgebrand.




Foto 2: Sonneblomme is dood in Januarie tussen Senekal en Winburg.

- Die reënvalseisoen oor ons hele gebied het stadig begin met wisselvallige reënval in Oktober 2024 en 'n hittegolf in November en Desember (Foto1, 2). Vanaf einde Januarie 2025 het beter reënval die situasie verbeter met positiewe vooruitsigte vir die oes. Januarie 2025 het ons laat dink aan die 2023/24 droë seisoen met sy hoë temperature, maar gelukkig het daar beter reën in Februarie en Maart begin val.
- En toe kom April met ver bogemiddelde reënval. Tot so hoog as 400 mm vir die maand. In ons gebied was daar streke waar die totale reënval sowat 1000mm was teenoor 'n langtermyn van sowat 650mm. Baie dele het sowat 400mm meer reën as normaalweg gehad (Foto3, 4).



Area Bestuurders: Area Oorsigte

KLIMAATUITERSTES EN GEVOLGE

Die klimaatuiterstes het die volgende impak op ons gebied gehad:

- 'n Baie lang plantperiode a.g.v. grondvogvlakke en swak opkoms van veral sojabone, sonneblom en graansorghum. Veral in streke soos Standerton, Vrede, Greylingstad en Morgenson is daar sowat 1000 ha oorgeplant.
- Baie laat aanplantings is gedoen, tot so laat as 20 Desember.
- Daar is toe veral meer sonneblom en tef in mislukte gewasse se plek geplant.
- Die totale hektare geplant is dieselfde as vorige jaar met skuif na sonneblomme en tef.
- Die uiters hoë temperature en sterk winde van Desember het opvolgbespuitings bemoeilik en in sommige gebiede was resultate nie na wense nie. Daar is selfs gebiede waar opvolgbespuitings nie gedoen kon word nie.
- In ons streke waar daar hoër reënval was, was daar ook ideale toestande vir swamme en het daar Schlerotinia op sojas en sonneblomme voorgekom en baie sonneblomme vroeg laat vrek.
- Op mielies en graansorghum het Gossse verwelking begin kop uitsteek.



Foto 3: Wilgerivier – April, Frankfort – verskeie lande was onder water gewees.



Foto 4: Vaaldam einde April, 10 sluise is oop. Groot vloed onder Vaaldam.

- Soos reeds genoem, het die oormaat reën van April veroorsaak dat droëbone en sojas nie gestroop kon word nie. Droëbone wat voor reën getrek of gesny is, het na die reën op die getrekte bone begin uitloop in peule en is afgeskryf.
- Baie sojas het begin oopspring, dus was daar opbrengsverliese.
- Aartappels wat nog nie uitgehaal is nie, het begin vrot in walle en aalwurmbesmetting begin nou inkom a.g.v. nat toestande.
- Die meeste tef wat vir 'n kontantgewas – saad – gestroop sou word, het platgereën, saad het uitgeval en baie skade is aangerig. Daar word beraam dat sowat 2000 ha betrokke is.
- Kopvrotte - diplodia en fusarium op mielies begin voorkom.
- Die baie oormaat reën van April kan ernstige finansiële verliese tot gevolg hê: swakker opbrengs, swakker graankwaliteit, hoër droogkoste en verhoogde siektes en uitloopgevaar.
- Nat lande vertraag die oesproses en plante begin omval. Wenakkers is papnat en baie paaie vanaf lande en na silos is amper in 'n onrybare toestand.
- Daar is baie nat kolle in lande wat nie gestroop gaan word nie en graan sal verlore gaan.



GOEIE OPBRENGSTE

- Die lande wat boere wel kan stroop, lewer beter as gemiddelde opbrengste op sojabone, sonneblomme, graansorghum en mielies (Foto's 5 & 6).
- Gewas Adviseurs noem dat hulle kliënte se oes-insette sal kan dek, maar by baie is daar nog uitstaande oordragenskuld van verlede jaar se swak oeste.



Foto 5: Mielies met goeie potensiaal.
Reitz, Maart 2025



Foto 6: Sojabone met goeie potensiaal.
Reitz, Maart 2025



IntelGro se Area Bestuurders
Vergadering in Potchefstroom



Voortgehoue Opleiding

IntelGro Gewas Adviseurs is aktief betrokke in die veld om produsente op verskeie vlakke van hul besighede te ondersteun. Om te verseker dat die IntelGro Gewas Adviseurs op hoogte bly van die nuutste ontwikkelings en oplossings, woon hulle gereeld opleidingsessies by in verskeie landbou-verwante areas.

IntelGro is ook trots om deel te wees van die CroPLife Deurlopende Ontwikkelingsprogram, en al ons Gewas Adviseurs het hul CroPLife-lidmaatskap as 'n minimum kriteria vir die CCA-program ontvang.



Ons Gewas Adviseurs het by IntelGro se Wellington-kantore opleiding bygewoon, gefokus op die nuutste ontwikkelinge, insigte en oplossings vir wingerdboerdery. Van nuwe plae tot presisievoeding – ons span word bemaagtig om 'n stap voor te bly en werklike waarde in elke ry wingerd te lewer.



Ons bly op hoogte van die nuutste verwikkelinge, uitdagings, oplossings en vooruitsigte in verskeie gewassegmente.

Die IntelGro-span kundiges wat spesialiseer in bloubessies het bymekaargekom om kennis te deel en te verseker dat volhoubare resultate op die plaas behaal kan word.



As deel van ons waarde-aanbod aan produsente, ontvang ons tegniese spanne deurlopende opleiding in die nuutste kundigheid en oplossings.

Die IntelGro-span wat op die aartappelsegment fokus, het in Wellington bymekaargekom en besprekings gevoer wat die volhoubaarheid van aartappelproduksie 'n hupstoot gee.

At InteliGro, we are proud to be more than just a company that provides crop solutions.

We are committed to ensuring that every Crop Advisor has the necessary tools, support, and opportunities to grow, thrive, and make a tangible difference on the farm.

Our Crop Advisors are empowered to contribute to our mission of sustainable crop production.

The InteliGro Experience

The InteliGro Crop Advisor

Our Crop Advisors are actively involved in the field, supporting producers on various levels of their businesses. Equipped with both technical and business knowledge, their contributions make a meaningful impact on the farm. InteliGro Crop Advisors are supported by Technical Specialists, which include soil scientists, horticulturists, agronomists, and entomologists.

The Certified Crop Advisor (CCA) program offers technical, business, and soft skills modules to help you develop into a trusted business partner for our clients.

Innovation and Decision-Making

At InteliGro, we build on innovation through initiatives such as Intelekt Solutions. This flagship project generates independent, scientific data to help you make informed decisions that maximise your return on investment.

Sustainability and Partnerships

Our approach includes biological solutions and specialized plant nutrition, which are used in conjunction with crop protection products in tailored programs. Partnerships with suppliers enable us to offer comprehensive crop solutions.

Our value proposition includes a high-quality seed offering, allowing us to provide end-to-end solutions for crop production.

The InteliGro seed portfolio includes vegetable seeds, oilseeds (such as sunflower, soybeans, and canola), maize, pastures, wheat, dry beans, and cover crops.

Intelekt 4U – Client Online Platform

This platform was developed to enhance our client value offering with a digital experience. When clients sign in, they enjoy easy access to comprehensive account management and information, customized crop recommendations, and digital tools such as the spray tank calculator.

The platform also enables online product ordering, streamlining administrative tasks so that clients can focus more effectively on farm management.

Involvement Makes a Difference

We have a deep-rooted passion for people and the environment, and we are involved in initiatives such as recycling programs for empty product containers (CropLife), spray clinics, as well as on-farm monitoring training and training in the safe handling of agricultural products. This demonstrates our commitment to protecting the environment, humanity, and the sustainability of crop production for the future.

We support communities through InteliGro Cares and through InteliGro Kidz we aim to promote agricultural awareness among the youth.

KNOWLEDGE | DECISION-MAKING

RESULTS



POTATO FARMERS BENEFIT FROM EXPANSION OF POTATO TUBER MOTH MONITORING PROJECT

A long-term potato tuber moth monitoring project in the Sandveld has proven so successful over the past eight years that it is now expanding to the northern provinces of South Africa.

Potato tuber moth (PTM = *Phthorimaea operculella*) causes significant economic losses to potato farmers and is notoriously difficult to control. However, Sandveld farmers have seen long-term success in managing this pest, thanks to an innovative project and the collaboration between IntelGro and Syngenta.

The Sandveld potato tuber moth monitoring project was launched in 2016, when IntelGro introduced a network of PTM traps. These traps use a species-specific pheromone to attract and catch male moths, providing producers with early warnings of population increases.

"Ingenuity, data, and targeted pest management have delivered remarkable results for Sandveld farmers over the long term," says Stefan Steenekamp, technical marketing specialist leading IntelGro's national potato strategy.

"Through weekly farm visits, we track populations of both potato tuber moth and tomato leafminer (*Phthorimaea absoluta*, earlier known as *Tuta absoluta*) on electronic platforms such as Cropwise and CropWatch. The data is then analysed, and the combined interpretation of trap catches, physical monitoring data, and weather information makes it possible to make more accurate predictions of moth outbreaks and design better strategies for crop protection."




FARMING WITH FEWER PESTICIDES AND MORE EXPERTISE

Steenekamp emphasises that IntelGro follows an integrated pest management strategy, combining chemical and biological solutions with cultural practices such as tillage and irrigation. "Our goal is to promote sustainable farming and proactively address climate challenges," he says. "This programme delivers economic benefits while reducing the environmental footprint, ensuring a resilient potato industry for future generations."

SUSTAINABILITY REQUIRES COLLABORATION AND INNOVATION

While South Africa produce only 1% of the world's potatoes, Steenekamp believes the sector has significant potential for growth. "Potatoes are a nutritious staple and can play a crucial role in food security and poverty alleviation," he says.

With approximately 52 000 hectares of potatoes planted annually, South Africa can supply fresh potatoes year-round. The Sandveld produces throughout the year, while other regions follow seasonal cycles.



"To farm sustainably in both dryland and irrigated areas, we need to overcome environmental challenges such as climate change, diseases, and insect pests. Climatic factors such as temperature and humidity directly affect the life cycle of insects," says Steenekamp. "In the past, the industry relied to a large degree on products now considered to be CMR (carcinogenic, mutagenic and reproductive disruptors): these classes of products are being phased out, limiting the number of available crop protection options. This requires innovation, which is why InteliGro is collaborating with industry organizations to find feasible alternatives.

SUCCESS LEADS TO EXPANSION IN THE NORTH

The success of the Sandveld project has paved the way for a pilot initiative in the Far North region of Limpopo. InteliGro, in collaboration with Potatoes SA and Metos SA, is integrating moth trap and weather station data to help producers fine-tune their spray programmes based on real-time moth population trends.

"After eight years of experience, we can now extend our integrated pest management strategies to potato-growing regions across the country," says Steenekamp. "By combining historical data with weather forecasts, InteliGro will refine its pest management recommendations even further."



GET INVOLVED!

InteliGro's Crop Advisors provide customised solutions for each farm. Interested farmers can contact Steenekamp at +27 66 472 3994 or stefans@inteligro.co.za.



Stef Steenekamp



HOW COMPLIANCE IS CULTIVATING THE FUTURE OF SOUTH AFRICAN AGRICULTURE

As a leader in integrated crop solutions, IntelliGro is intensifying its efforts to promote a deeper understanding of compliance across the agricultural value chain. From farmers and Crop Advisors to agri-businesses, the company is helping to build a culture in which compliance becomes second nature, not just an obligation.

"At IntelliGro, we believe in setting the benchmark for responsible, future-focused farming," says Stefan van Dyk, General Manager of IntelliGro in the Northern and Central areas. "That's why we're investing in educating the industry on what compliance really means, and why it matters."

MORE THAN A CHECKLIST

Van Dyk emphasises that compliance is not about ticking boxes but about doing the right thing. Every step in the agricultural process, from product handling and storage to worker safety and environmental management, is governed by legislation designed to protect both people and the planet.

"Yes, compliance can be complex, but when we're talking about food safety, environmental protection, and the well-being of workers and consumers, it isn't a nice-to-have, it's essential," Van Dyk explains. "Compliance means building a system that reaches everyone involved, including Crop Advisors, agrochemical manufacturers, distributors, and most importantly, the farmer and workers on farmlevel."

BUILDING A CULTURE OF COMPLIANCE

IntelliGro's approach goes far beyond meeting minimum requirements. The company works closely with CropLife South Africa and regulatory bodies to align with key legislation, including:

- the Fertilisers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act (1947) (Act No. 36 of 1947)
- the Hazardous Substances Act (1973) (Act No. 15 of 1973)
- the Occupational Health and Safety Act (1993) (Act No. 85 of 1993),
- and various environmental protection acts, including SANS 10206, which governs the safe handling and disposal of pesticides.

"Our crop advisors are in the field every day. They are trusted partners to farmers and that trust allows them to guide, support, and raise the bar when it comes to safety and sustainability."



Stefan van Dyk

Through structured risk and compliance support, IntelliGro provides the following at farm level:

- **Regulatory guidance and training:** Practical support to comply with Act 36, GHS standards and restricted use products, via PCO (Pest Control Operator) registration and ongoing updates.
- **Stewardship training:** On-farm sessions and spray clinics with a focus on correct application, label compliance and safety protocols.
- **Waste management:** Certified programs for the disposal of expired chemicals and triple-rinsed empty containers, in line with CroPLife SA and GlobalG.A.P. (Good Agricultural Practices) requirements.
- **Documentation and audit support:** Templates, certificates and advisory tools to assist producers with traceability and audit readiness.

WHY IT MATTERS

Non-compliance is not just risky; it can have serious consequences. From reputational damage and legal repercussions to halted operations and increased environmental risks, the costs can be significant. But companies that embrace compliance are positioning themselves as leaders who are trusted, forward-thinking, and resilient.

"Compliance reflects how you operate," Lawless says. "It sets the tone for everything, from how you manage people and resources to how the public perceives your brand. Thus, compliance is a long-term investment in your business and in the future."

A COMMITMENT TO THE FUTURE

Looking ahead, IntelliGro remains committed to helping clients and partners navigate evolving regulatory landscapes while building strong, future-ready agri-businesses.

"The message is clear, compliance is not a burden, it is an opportunity," says Van Dyk. "Ultimately, compliance is about protecting lives, preserving the environment, and ensuring that agriculture remains a respected, sustainable industry for generations to come."

Key Regulations to Know: (Provided by CroPLife South Africa)

- Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947)
- Hazardous Substances Act, 1973 (Act No. 15 of 1973)
- Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act No. 85 of 1993)
- SANS 10206: The Handling, Storage and Disposal of Pesticides
- National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998)
- National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act N. 59 of 2008)
- National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996)



Laai verskeie inligtingsplakkate
op ons webtuiste af:
[www.inteligro.co.za/stewardship
-and-training](http://www.inteligro.co.za/stewardship-and-training)



KRITIESE FOKUS OP VEILIGHEID, WETGEWING EN VOLHOUBAARHEID

InteliGro speel 'n noodsaaklike rol in voedselproduksie, maar daarmee saam kom ook 'n verhoogde verantwoordelikheid om nakoming aan streng wetgewing en veilige hanteringspraktyke te verseker.

Die korrekte bestuur van gevaarhoudende stowwe, die rol van Plaagdoderbeheeroperateurs (PCO's), asook die aanpassing by nuwe etiketteringswetgewing, het 'n direkte impak op menslike- en dieregesondheid, die omgewing en ook marktoegang.

WET 36 VAN 1947: DIE FONDAMENT VIR REGULASIES

Wet 36 van 1947, oftewel die Wet op Plaagdoderbeheer, is die hoeksteen van die regulering van landbou chemiese produkte in Suid-Afrika. Hierdie wet stel streng vereistes oor:

- Registrasie van alle plaagdoders, onkruidodders, swamdoders en ander landbouchemikalieë.
- Die gebruik, etikettering, verpakking en verspreiding van hierdie middels.
- Slegs geregistreerde produkte mag versprei en gebruik word – met korrekte etikette wat die aktiewe bestanddele, dosis, veiligheidsmaatreëls en wettige gebruike aandui.

Die wet gee nie net 'n raamwerk aan produsente nie, maar beskerm ook die eindverbruiker en die omgewing deur standarde af te dwing.

Daar is ook verskeie praktyknotas wat oor die jare gepubliseer is, wat daarop gemik is om Wet 36 van 1947 aan te pas en op datum te hou met veranderinge in die landbou-omgewing.



GEVAARHOUDENDE STOWWE: BESTUUR EN WETLIKE VEREISTES

In die lig van die 'Occupational Health and Safety Act' (OHSA) en Wet 36 van 1947, is daar spesifieke regulasies rondom die hantering, berging en vervoer van gevaarhoudende stowwe:

- Alle gevaarhoudende landbouchemikalieë moet gestoor word in goed geventileerde, toegeslote areas met gepaste waarskuwingstekens.
- Toegang moet beperk word tot opgeleide personeel.
- Veiligheidsdatablad (MSDS) moet altyd beskikbaar wees vir elke produk.
- Verskeie internasionale standarde, insluitend GHS (Globally Harmonized System of Classification and Labelling of Chemicals), word tans deur Nasionale Wetgewing in Suid-Afrika geïnkorporeer, wat beteken boere en verspreiders en Gewas Adviseurs moet vertrou wees met die nuwe etiketteringstelsels.

Wees dan ook altyd voorbereid op oudits ten opsigte van die veiligheid en nakoming vanaf die regeringsdepartemente en wees altyd bedagsaam en behulpsaam tydens so 'n ouditproses. Dit vergemaklik net die proses.

Die Plaagdoderbeheeroperateur (PCO) is 'n gesertifiseerde entiteit of individu wat gemagtig is om gevaarlike chemiese produkte wettig aan te wend, te versprei of beheer toe te pas volgens regulasies. Volgens die PCO-wetgewing (Regulasies Februarie 2011):

Mag slegs gesertifiseerde PCO's of geregistreerde persone beperkte gebruik chemiese plaagdoders aanwend waar streng nakoming nodig is.

- Alle PCO's moet aanhoudende opleiding ondergaan om op hoogte te bly van veranderende regulasies en nuwe tegnologie.
- Die PCO se rol is deurslaggewend om onwettige gebruik, oorgebruik en risiko's vir mense en die omgewing te beperk.



Die opleiding in Magaliesburg is bygewoon deur InteliGro se produsente van Tarlton, Koster en Brits.

InteliGro bied in samewerking met Pest Management Academy (PMA) verskeie opleidingsgeleenthede vir ons Gewas Adviseurs en produsente om die nodige kursus te voltooi om suksesvol as PCO te kan registreer.

Opleidingssessies is reeds vir Junie, Julie en Augustus geskeduleer. Verdere datums en lokaliteite sal binnekort gekommunikeer word.

NUWE ETIKETTERINGSVEREISTES: 'N NUWE ERA IN LANDBOUCHEMIE

Die Department van Landbou het in 2023 nuwe riglyne in lyn met die GHS ingestel, wat vereis dat alle landbouchemiese etikette:

- Uniforme waarskuwingstekens, kleure en gevaarkodes gebruik.
- Risikoklasse, voorsorgmaatreëls, eerstehulp-stappe en vervoerklassifikasie in duidelike, verstaanbare formaat aandui.
- Beter naspeurbaarheid (traceability) toelaat deur QR-kodes, digitale produkinligting en herleibaarheid /terugverwysing na die vervaardiger of invoerder.

Hierdie veranderinge vereis dat produsente, verspreiders en landbouondernemings hul voorraad en etiketteringstelsels betyds opdateer om regulatoriese oortredings te voorkom. Dit is juis hieruit dat ons 'n veldtog van stapel gestuur het om die nuwe etikette, soos deur ons verskaffers voorsien, uit te stuur.

Maak asseblief seker dat dit wel op die nodige produkte aangebring is.

SAMEVATTING: DIE KOSTES VAN NIE-NAKOMING

Nie-nakoming in die landbouchemie-sektor hou ernstige gevolge in:

- Boetes en regs aanspreeklikheid.
- Skade aan reputasie en marktoegang.
- Risikoverhoogde skade aan mens, dier en ekosisteme.
- Produkte mag geskut of vernietig word.
- Uittassering van aktiewes wat nie met die nodige rentmeersterskap hanteer word nie.



Deur proaktief by te bly met veranderende wetgewing, behoorlike opleiding van personeel, inskakeling van gesertifiseerde PCO's en implementering van moderne etikettering, kan boere en verskaffers hulself beskerm en deel vorm van 'n volhoubare, wettige voedselproduksiestelsel.

WAT IS **PCO-REGISTRASIE** EN HOEKOM IS DIT BELANGRIK?

**MINDER
RISIKO**



**MEER
BEHEER**

Ingevolge die Wet op Landboumiddels (Wet 36 van 1947) en die PCO-regulasies (Februarie 2011), is dit verpligtend dat alle persone wat **BEPERKTE GEBRUIK** landbou-plaagdoders (**RESTRICTED USE PRODUCTS**) toedien as **Professionele Plaagdoder-operateurs (PCO's)** geregistreer moet wees.



VOORDELE VAN REGISTRASIE

- Wettige aankoop en gebruik van beperkte gebruik produkte (voorheen bekend as "rooi band" produkte).
- Wetlike beskerming vir die gebruiker en hul praktyk.
- Bevordering van gesondheid en veiligheid van werkers en die omgewing.
- Toegang tot versekerings- en uitvoermarkte.



RISIKO'S VAN NIE-NAKOMING

- Boetes en moontlike regsaksie.
- Weiering van versekeringsuitbetalings en produk-eise.
- Potensiële ekologiese skade met gepaardgaande regsverantwoordelikheid.

Jou rol as **BOER**

- ✓ Maak seker jou span is wettig geregistreer
- ✓ Bied opleidingsgeleentheid aan
- ✓ Werk saam met erkende diensverskaffers
- ✓ Hou rekord van alle chemiese toedienings





Moderne landbou is 'n komplekse balans tussen produktiwiteit, volhoubaarheid en ekologiese verantwoordelikheid. Hierdie balans is dinamies met ewewigte wat konstant skuif aa gevolg van verskeie veranderlikes wat 'n effek op die balans maar ook op mekaar het.

'n Volgehoue en steeds ontwikkelende bedreiging tot hierdie balans is plaagbeheer. Al het tegnologiese vooruitgang metodes van beheer aansienlik verbeter, bly die beheer van plae 'n groot uitdaging.

Vandag word plaagbeheer ook beïnvloed deur strenger regulatoriese vereistes, klimaatsverandering, en sensitiwiteits-verskuiwings.

- Die verbod op sekere plaagdoders bring 'n nodige skuif na veiliger en meer volhoubare landboupraktyke, maar dit het korttermyn-implikasies vir plaagbeheer, produksiekoste en voedselsekerheid. Die suksesvolle hantering van hierdie oorgang hang af van toegang tot alternatiewe, opleidingshulp, en beleidsondersteuning wat produsente help om aan te pas sonder om hul lewensvatbaarheid te verloor. Die verlies van CMR-geklassifiseerde aktiewe bestanddele sal in 2025 groot impak hê op insetkoste sowel as produksiedoeltreffendheid.
- Die impak van klimaatsverandering op plaagbeheer is ingrypend en neem in intensiteit toe. Warmer temperature laat plae toe om hul geografiese verspreiding te vergroot. Dit beteken dat produsente met nuwe, onbekende plae te doen kry waarvoor daar dikwels geen bestaande beheerstrategieë is nie. Hoër temperature versnel ook die lewensiklusse van insekspesies, wat meer generasies per seisoen beteken. Dit lei tot groter plaagdruk, hoër skadevlakke en verhoogde behoefte aan beheermaatreëls, wat vanselfsprekend verhoogde insette veroorsaak. Elke ekstra generasie verhoog ook die kans op weerstandontwikkeling teen plaagdoders wat verder produksiekoste verhoog.
- 'n Verskuiwing in plaagdoder-sensitiwiteit bemoeilik plaagbeheer verder. Boere word vasgevang in 'n "wapenwedloop" teen plae wat aanpas, beheeropsies wat verban word en nuwe opsies wat al hoe meer beperk en duur word.



Die uitdagings van moderne plaagbeheer in landbou is veelsydig en diep verweef. Produsente moet vandag 'n dinamiese plaagbeheerlandskap navigeer waar die verskil tussen sukses en mislukking dikwels op 'n mespunt balanseer.

In 'n tyd waar plaagbeheer voortdurend nuwe uitdagings bied, is dit noodsaaklik dat produsente toegang het tot betroubare, wetenskaplik-gegronde oplossings.

InteliGro bly verbind daartoe om nie net reaksie te lewer op veranderende omstandighede nie, maar om proaktief voorop te loop in die ontwikkeling van geïntegreerde en volhoubare plaagbeheerstrategieë. Deur vennootskappe, navorsing en 'n sterk tegniese span bou ons aan 'n meer veerkragtige landboubedryf — een wat aanpasbaar is, maar steeds gefokus bly op winsgewendheid en voedselsekerheid vir die toekoms.



Certified Crop Advisor (CCA) Grondvrugbaarheid opleiding


'n Nuwe CCA-kursus, naamlik Grondvrugbaarheid is nou deel van die CCA-reeks van opleiding. Dit is 'n uitvloeisel van die CCA-Plantvoedingskursus en fokus hoofsaaklik op die grond. Grondvrugbaarheid is belangrik vir volhoubare landbou- en voedselproduksie, en verwys na die vermoë van grond om gewasse van essensiële voedingstowwe, water en suurstof te voorsien vir optimale groei.

Vrugbare grond dra by tot hoër oeste, beter gehalte voedsel en die handhawing van ekosisteme. As grondvrugbaarheid afneem, word dit moeiliker om gewasse te kweek wat uiteindelik voedseltekorte kan veroorsaak. Deur gereelde grondontledings en die regte bemestingspraktyke te volg, kan produsente help om die natuurlike vrugbaarheid van grond te behou en te verbeter, wat krities is vir beide ekonomiese- en omgewingsvolhoubaarheid.

Die kursus is spesiaal saamgestel om IntelliGro Gewas Adviseurs toe te rus met 'n dieper begrip van grond en sy komplekse funksionering.

Die opleiding is gebaseer op 'n hardeblad handleiding en dek die drie hoofaspekte van grond en die risosfeer: die fisiese, chemiese en biologiese fassette. Meetbare faktore word onder elkeen van hierdie aspekte meer volledig bespreek.

Wat hierdie kursus uniek maak, is die manier waarop die interaksie tussen hierdie komponente duidelik en prakties toegelig word. Grond is nie net 'n medium waarin plante groei nie – dit is 'n dinamiese ekosisteem wat voortdurend in wisselwerking is met plantwortels en mikroörganismes.



Inligting oor die kursusdatums
sal binnekort gedeel word



DIE INHOUD VAN DIE KURSUS

FISIES

- Tekstuur
- Struktuur
- Die ideale fisiese grond
- Grondtemperatuur
- Grondkleur
- Fisiese interaksie met die ander twee grondkomponente

CHEMIES

- Grond-pH
- Noodsaaklike plantvoedingselemente en elementbalans
- Elementverhoudings in die grond
- Brakgronde
- Waterkwaliteit
- Chemiese interaksie met die ander twee grondkomponente

BIOLOGIES

- Organiese materiaal
- Koolstof- en stikstofverhoudings
- Bruinbemesting
- Groenbemesting
- Mikroörganismes

PRAKTIESE AKSIES

- Meting
- Metingsmetodes
- Onkruid as bio-indikators

BIOSTIMULANTE

- Sure
- Kelpprodukte
- Plant-ekstrakte
- Triakontanol
- Silikon
- Mikroörganismes

GRONDVRUGBAARHEID VERBETERINGSSTRATEGIEË

- Bewaringsboerdery
- Praktiese verbeteringsstrategieë

Kursusgangers sal praktiese wenke ontvang om algemene veldprobleme te identifiseer en doeltreffend op te los. Die doel is nie net om kennis oor te dra nie, maar om oplossings te bied wat onmiddellik in die praktyk toegepas kan word. Hierdie opleiding is 'n waardevolle belegging vir enige een wat hul begrip van basiese grondvrugbaarheid wil verdiep en hulle kliënte wil help om volhoubare opbrengste op hulle plase te verseker.





KUNDIGE PLANTVOEDING EN GRONDBESTUUR NOU BELANGRIKER AS OOI

Gevorderde plantvoeding en slim grondbestuur raak al hoe belangriker namate bevolkingsgroei, klimaatsverandering en voedselsekerheid wêreldwyd druk plaas op landbou. Sô sê Duane de Swardt, Tegniese Bemarking Spesialis by IntelliGro met 36 jaar ondervinding in plantvoeding.

Teen 2050 sal die wêreldbevolking na verwagting 10 miljard bereik en boere sal meer voedsel op minder grond moet produseer om in die vraag te kan voorsien. Terselfdertyd ondermyn klimaatsverandering produsente se produksiepotensiaal. Dis hier waar plantvoeding en grondbestuur 'n deurslaggewende rol begin speel.

As 'n toonaangewende verskaffer van geïntegreerde gewasoplossings, weet IntelliGro dat plantvoeding en grondvrugbaarheid 'n spesialisbenadering verg. "As dit by voeding kom, is daar nie plek vir raaiwerk nie," sê De Swardt. "Dis 'n presiese wetenskap wat omvattend bestuur moet word, deur kundiges, ondersteun deur navorsing."

"Soos atlete 'n optimale dieet nodig het, het plante ook 'n presiese voedingsplan nodig vir opbrengs, gehalte en volhoubaarheid," verduidelik hy verder. "Elke element speel 'n rol en daarom kyk ons omvattend na die plant se behoeftes."



Gespesialiseerde voeding help gewasse om klimaatsdruk te weerstaan, verhoog hul lewenskrag en verbeter opbrengs per hektaar. Navorsing toon boonop dat beter voeding nie net produktiwiteit verhoog nie, maar ook grondvrugbaarheid oor die lang termyn bevorder.

Sy kollega Schalk Lombaard, ook 'n Tegniese Bemarking-spesialis wat spesialiseer in plantvoeding, beaam dit. "As ons met voeding 'n hoër opbrengs per hektaar kan kry, is ons op die regte pad. Biostimulante en presisievoeding dra verder by tot tot 'n meer volhoubare landboupraktijk, een wat 'n groeiende wêreldbevolking kan voed."

De Vos Nieuwenhuizen, IntelliGro Tegniese Bemarking Spesialis, in 'n profielgat besig om wortelgroei te evalueer om te bepaal hoekom wyndruiwe in 'n blok in Darling swak groei.

BIOSTIMULANTE VERANDER DIE SPEL

"Die geheim lê in integrasie met biostimulante en ander natuurlike molekules wat seine stuur en plantprosesse aan die gang sit," sê Lombaard. Een suksesverhaal is die gebruik van bioflavonoïede saam met 'n voedingsprogram vir sagte sitrus in Limpopo. "In sommige blokke begin mandaryne tot twee weke vroeër kleur kry wat 'n groot voordeel is in die uitvoermark," vertel hy.

"Dis integrasie wat die verskil maak," sê De Swardt. "Van grond- en blaarvoeding tot gewasbeskerming – alles moet werk as 'n stelsel. So help ons om uitvoerprodukte van gehalte te lewer, met langer raklewe en minimale residuvalke."



Duane de Swardt



Schalk Lombaard

'PROGRAM BO PRODUK' BRING RESULTATE

InteliGro se Plantvoeding Spesialiste werk saam met vooraanstaande verskaffers om geïntegreerde voedingsprogramme te ontwikkel met 'n kombinasie van biostimulante, gevorderde kunsmisformules en wetenskaplike insigte.

Een van dié oplossings is beheerde vrystellingskunsmis (CRF). Hier word voedingstowwe fstadig en presies vrygestel, presies wanneer die plant dit nodig het.

“Grond is waar alles begin,” sê De Swardt. “Ons bestuur die risosfeer rondom die wortels sodat die plant voeding optimaal kan opneem. Druppers en mikroprodukte waarmee produsente voeding presies kan toedien, het grondbestuur getransformeer.”

'n Goeie voorbeeld is makadamiaboorde in die Laeveld, waar ultrafyn kalk- en gipskorrels saam met fulviensuur gebruik word om kalsium tot by ouer bome se wortelsone te kry. “Jy kan nie 'n boom skuif nie, maar jy kan die grond slim rondom hom bestuur,” sê hy.

Volgens Lombaard is InteliGro bevoorreg om toegang te hê tot 'n groot verskeidenheid produkte wat, in die regte program, 'n werklike verskil maak. “Voeg dít by InteliGro se span landboukundiges en Gewas Adviseurs – wat voortdurende opleiding in die nuutste navorsing ontvang – en jy't 'n wenpakket.”

CCA-PROGRAM BOU KUNDIGHEID

“Ons Gewas Adviseurs is nie net verkoopsmense nie,” sê De Swardt. Daarom het InteliGro die Certified Crop Advisor (CCA)-program ontwikkel om die fokus te skuif van produkverkope na ware kundigheid.

“Die program hou Gewas Adviseurs op hoogte van die jongste navorsing en tegnologie. Dit dek alles: grond, saad, gewasbeskerming, sagte vaardighede en selfs besigheidsbestuur.”

Beide De Swardt en Lombaard glo ware kundigheid en innovasie ontstaan in die veld in vennootskap met produsente. “Dis wat ons werk lekker maak,” sê De Swardt. “Elke plaas is anders, maar grondbestuur bly die sleutel tot volhoubare produksie.”

Lombaard sluit af: “InteliGro versprei nou 'n tiosulfaatreeks in Suid-Afrika wat in die VSA al vir 50 jaar gebruik word. Dít gaan nuwe wêreld ontsluit vir produsente en volhoubare resultate na die plaas bring, en dit maak my opgewonde oor die toekoms van ons maatskappy en die landboubedryf in Suid-Afrika. ”



Hein Gerber, InteliGro Tegniiese Bemarking Spesialis: Sitrus, bestudeer wortelgroei onder drupbesproeiing in Citrusdal tydens 'n gewasopleiding-veldbesoek.



InteliGro Tegniiese Bemarkingspesialiste Jan van Zyl en De Vos Nieuwenhuizen besig om grondmonsters te neem by een van Jacobus Wium, InteliGro Gewas Adviseur, se kliënte.

The IntelliGro value offering

THE COMPLETE SOLUTION

- Soil conditioning solutions
- High-quality seed portfolios
- Specialised plant nutrition
- Integrated crop protection
- Supportive technology and services

EASE OF INFORMATION

- Digital platform with all your IntelliGro information

MARKET ACCESS, PRODUCT QUALITY AND OPTIMAL YIELD

- Integrated crop solutions
- BioSolutions: Bio-control, biostimulants, bio-inoculants, Bio-Mass
- IPM focus (integrated pest management)
- IWM focus (integrated weed management)

KNOWLEDGE

- Well trained Crop Advisors
- Supporting Technical Experts

BETTER DECISION-MAKING

- Through independent, scientific data
- Supportive technology, including weather stations, deposition measurement and monitoring

STEWARDSHIP AND SUSTAINABILITY

- Training of farm workers
- Responsible handling of agricultural products
- Compliance in Agriculture

Everything we do
revolves around the
GROWER'S
success

**YOUR SUCCESS is
OUR BUSINESS**



SCAN ME

Bakteriese Siektes in Koring

Is onsekerheid ons voorland?

Bakteriese siektes is 'n groeiende uitdaging vir koringprodusente wêreldwyd en kan ernstige gevolge inhou vir oesopbrengs, wins en globale voedselsekerheid. Alhoewel baie bakterieë 'n nuttige rol in ekosisteme speel, is daar patogene spesies wat ernstige skade aan koringgewasse kan veroorsaak. In Suid-Afrika is die mees relevante bakterieë *Xanthomonas campestris* en die veroorsakende organisme van bakteriese vlek. Daar is beperkende data rakende die effek op van die siekte op oesopbrengs van droëland grane in Suid-Afrika. Navorsing op hierdie siekte in koring is meestal onder besproeiingsomstandighede gedoen.

Elke koringseisoen kom met unieke uitdaging en die 2024 koringseisoen was nie anders nie. Die twee uitdagings wat uitstaan is egter die uitermatige nat toestande en die verskyning van wydverspreide bakteriese skade-simptome.

Alhoewel bakteriese siektes al vir baie jare in Suid Afrika op koring voorkom blyk dit asof dit die laaste paar jaar aan die toeneem is in die droëland gebiede van die Swartland en Suid-Kaap. Gedurende die 2024-seisoen is wydverspreide bakteriese simptome opgemerk. Hierdie simptome het gewissel van areas binne kampe, tot kampe waarvan die totale oppervlak beïnvloed was. Die graad van infeksie het gestrek van 5% skade op die vlagblaar tot kampe wat se vlagblare totaal en al vernietig is.

InteliGro het reeds vroeg in die seisoen hierdie verskyning van simptome begin moniteer. Alhoewel dit lyk of sekere kultivars meer sensitief is as ander, is daar verseker nie 'n kultivar wat 100% weerstandbiedend is. InteliGro het verskeie monsters ingestuur vir siekte identifisering. Dit is interessant dat baie min van die monsters met die bakteriese simptome wel positief geïdentifiseer is as bakteriese siektes.

Ten spyte van die gebrek aan konsekwente laboratoriumbevestiging, is dit duidelik dat die simptome wat in die veld waargeneem is, 'n beduidende invloed op plantgesondheid en uiteindelijke opbrengs het. Die vermoede bestaan dat verskeie faktore, insluitend stresverwante reaksies of ander patogene, bydra tot hierdie skade. Dit beklemtoon die belangrikheid van geïntegreerde waarneming, tydigte monsterneming en deeglike veldmonitering om die presiese oorsaak van die simptome te kan identifiseer en effektiewe bestuursmaatreëls te ontwikkel.



Die Intellect Solutions 2024 Moorreesburg perseel, een van 5 persele in die Swartland waar ons onder andere kyk na hoe verskillende swamdoders op verskillende kultivars reageer.



IntelGro sal voortgaan met ons proewe, veldmonitering en navorsingsamewerking om meer insig te verkry rakende die aard en verspreiding van hierdie simptome. Ons is daartoe verbind om nie net die oorsprong van die skade te bevestig nie, maar ook praktiese aanbevelings aan produsente te bied.

Deur volgehoue navorsing en data-insameling in die komende seisoene, poog ons om nog akkurater gevolgtrekkings te maak – en só die risiko van toekomstige besmettings te verminder.

INTELGRO SE TOEWYDING TOT VOLHOUBARE GEWASBESKERMING

By IntelliGro is biologiese oplossings nie alleenlik deel van ons produkaanbieding nie, maar ons verstaan dat al die biologiese praktyke deel vorm van moderne landboupraktyke. Tans bied IntelliGro een van die mees diverse biologiese produk- portefeuljes in Suid-Afrika, ondersteun deur wetenskap, toegepaste ondervinding, gepaard met ons kundigheid op plaasvlak deur ons Gewas Adviseurs.

Ons Biologiese strategie

Ons kan ons biologiese strategie groepeer in vyf sleutel-komponente, elk daarop gemik om lae residuvlakke en hoë opbrengste te verseker.



BioControl



BioStimulants



Bio-Inoculants



Bio-Mass



1. GEWASGETEIKENDE BIOSTIMULANTE

Gewasgeteikende biostimulante ondersteun gewasgesondheid, stresverdraagsaamheid en die herstel van gewasse deur natuurlike ekstrakte, aminosure, humate en biologiese seinaktiveerders. Ons biostimulante bevorder nie net sterker wortelontwikkeling en beter stresbestuur nie, maar verseker terselfdertyd ook 'n groter opbrengspotensiaal.

2. BIOLOGIESE GEWASBESKERMING

Plag-spesifieke benaderings verseker dat ons die omgewingsimpak so laag as moontlik hou om sodoende minder afkeurings te verseker vir tot die mees sensitiewe markte, en te verseker dat die ekonomiese drempelwaardes nie oorskry word nie. Ons omvattende reeks biologiese middels vir gewasbeskerming sluit in:

- Natuurlike predatore en parasiete
- Mikrobiese insekdoders
- Paringsontwrigting
- Lok-en-dood oplossings
- Massavangstelsels

3. BIOLOGIESE SIEKTEBESTUUR

Biologiese siektebestuur behels die gebruik van voordelige swamme en bakterieë om grondgedraagde sowel as blaarverwante siektes te beheer. Produkte in hierdie kategorie stimuleer en benut die plant se selfverworwe verdedigingsmeganismes, en bevorder die plant se simbiotiese verhoudings met mikrobies, beide in die grond en bo-gronds.



4. GRONDVRUGBAARHEID EN WORTELGESONDHEID

Gewasgesondheid begin by wortelgesondheid. Ons inokulante en risosfeer-bondgenote verseker dat 'n optimale mikrobe-balans te alle tye in die wortelsone gehandhaaf word. Hierdie balans is noodsaaklik vir effektiewe opname van voedingstowwe, weerstand teen wortelverwante siektes en gesonde, sterk groeiende wortels. Wanneer jou grond lewe, leef jou gewas. Met IntelliGro se biologiese oplossings kan jy verseker dat elke plant, vanaf wortel tot by die vrug, optimaal presteer.

5. IPM EN MONITERINGSGEREEDSKAP

Ons digitale en fisiese moniteringsoplossings stel produsente in staat om pes- en siektedruk betyds op te spoor, wat lei tot meer presiese en ingeligte besluite. Met behulp van die Intelekt Scout-app kan moniteringsdata vanaf feromoonlokvalle, kleeftaarte en veldwaarnemings op een platform gekonsolideer word. Dit help ons om tendense betyds raak te sien, om voorkomende biologiese programme te ontwikkel gebaseer op historiese data, en om die reaksietyd van beheerstrategieë te versnel, veral wanneer dit kom by stadiger werkende biologiese middels.

IntelliGro se geïntegreerde benadering tot IPM stel jou in staat om slim, volhoubare besluite te maak wanneer dit die meeste saak maak.

Ons verkoop nie net biologiese produkte nie – ons bou volhoubare strategieë. Ondersteun deur wetenskap. Gedryf deur waardes. Gelewer deur kenners!



Ná die tekorte in 2025 is ons trots om aan te kondig dat CeraTrap® in die 2026 seisoen weer beskikbaar is deur ons Gewas Adviseurs.

Die CeraTrap®-deksel is tans onder die mikroskoop vir nodige verbeteringe om sukses in alle omstandighede te verseker.

- Verbeterde val-ontwerp
- Geen residu
- 100% Biologies
- Effektief teen *Ceratitis capitata*, *Bactrocera dorsalis* en meer.

Bly 'n stap voor met vrugtevliegbeheer. CeraTrap®, die volhoubare oplossing.



SEKERE PLANTSIEKTES BEDREIG TANS GRAANOESTE

Artikel deur Christal-Lize Muller, Plaas Media, April 2025

Hoewel daar tans geen grootskaalse uitbrekings van plantsiektes in mielies, sonneblomme en sojabone aangemeld is nie, het die buitengewone hoë reënval in die Noordwes en Vrystaat tot versuiptoestande gelei, wat reeds 'n beduidende impak op gewasgesondheid en produksiepraktyke gehad het. Gerrie Ludick, tegniese bemarkingspesialis by InteliGro, sê dat produsente steeds waaksaam moet bly, aangesien die aanhoudende vogtige toestande gunstig is vir die ontstaan van plantsiektes. Daarbenewens is die risiko van vroeë ryp steeds 'n kommer, met die potensiaal om verdere oesskade te veroorsaak.

FISIOLOGIESE RYPHEID

Ludick sê baie gewasse is reeds naby aan fisiologiese rypheid – sonneblom word al gestroop, en sojabone en mielies is amper reg om geoes te word. By laat aanplantings van Januarie in die Noordwes en die Vrystaat, is swamdoder-toediening steeds 'n opsie, maar dit is duur en minder doeltreffend veral waar toegang tot nat landerye beperk is en lugbespuiting nodig is. Die belangrikste behoefte is tans sonskyn, veral vir die stroop van sojabone. In die westelike dele van die Noordwes is boere reeds besig om sonneblom te oes, en sojabone is ryp genoeg om gestroop te word.

Hy sê hierdie seisoen is uniek weens 'n verlengde planttydperk, wat veroorsaak is deur wisselvallige reën. Gewasse op dieselfde plase is in verskillende groeistadia – sommige is ryp, ander het nog tyd nodig. Mielies neem gemiddeld 120–130 dae tot fisiologiese rypheid, wat beteken dat Januarie-aanplantings eers teen middel of laat Mei gereed sal wees. Sonneblomme raak vinniger ryp, maar siektes soos *Sclerotinia* (stam- en kopvrot) en *Alternaria* bly 'n risiko in laat-aanplantings, veral op sonneblomblare en in sekere sojaboongewasse.

DIE SIEKTEDRIEHOEK

Volgens Ludick is 'n gesonde plant die beste verdediging teen siektes. Hy verwys na die siektedriehoek, wat uit drie faktore bestaan: Klimaat, patogeen (siektoestand), en gasheer. As al drie hierdie faktore gelyktydig teenwoordig is, is die risiko vir infeksie groot. As een ontbreek, val die driehoek plat en is die kans op siekte laag. 'n Voorbeeld is die swamsiekte *Alternaria*, wat net sonneblom (die gasheer) aanval. Sonder die gasheer kan die siekte nie voorkom nie.

Hierdie seisoen was weereens uniek, omdat al die siektedriehoek-faktore in mielies, sonneblom, en sojabone teenwoordig was. Die kombinasie van reën en nat toestande het siektes laat uitbreek, veral *Fusarium*-infeksies, wat as primêre patogeen optree en primêr teenwoordig is in grond, en verskeie vorme aanneem: Wortelvrot, kroonvrot, stamvrot, en kopvrot. *Fusarium* dring by beskadigde plantdele (deur hael, wind, insekte, of toerusting) in en skep toegang vir sekondêre patogene soos *Gibberella* (wortel-, stam-, en kopvrot) en *Diplodia* (stam- en kopvrot).

Mielies wat gereed is om gestroop te word in die Potchefstroom-distrik, maar landerye is té nat.



Sojabone wat nog fisiologies besig is om ryp te word.



Volgens Ludick is 'skelm-*Diplodia*' 'n groot uitdaging vir mielieboere. Hoewel mieliekoppe aan die buitekant gesond lyk, begin die pitte dikwels van binne vrot – veral by die aanhegtingspunt aan die stronk waar vog en infeksie insluip. Die probleem word eers tydens strooptyd sigbaar wanneer silo's die besmette pitte afkeur. Dit lei daartoe dat 'n goeie oes na Graad 2, Graad 3 of selfs voergraad afgegradeer word, met groot finansiële verliese vir die boer.

MIELIESIEKTES

Die grootste bedreiging vir mielies tans is kultivargebonde blaar- en stamsiektes. Volgens Ludick is algemene blaarsiektes Noordelike mielieblaarskroei, grysblaarvlek en *turcicum*-blaarroes, terwyl stamsiektes soos *Fusarium*, *Diplodia* en *Gibberella*-stamvrot, asook kroonvrot deur dieselfde patogene, algemeen voorkom.

Die siektedriehoek was vanjaar volledig. Die gasheer (mielies), hoë humiditeit ná blom, en die teenwoordigheid van patogene in die grond en lug het gunstige toestande vir siekte-ontwikkeling geskep. Ná blom is mielies besonders vatbaar, aangesien die plant energie herlei om die kop en pitte te voed. Indien dit terselfdertyd aan stres blootgestel word, verswak die weefsel, wat patogene soos *Fusarium* die kans gee om infeksies te begin – dikwels reeds weke voordat enige sigbare tekens verskyn.

SIEKTERISIKO'S BY SONNEBLOMME EN SOJABONE

